

Op 22 Mei het Mr Zander Janse van Rensburg opgetree tydens die SDL diskoers oor plagiaat. Zander is die koördineerder van die NWU skryfsentrum en betrokke by vele van die plagiaatsake aan NWU. Hierdie interaktiewe sessie is deur 'n groot aantal SDL navorsers en studente bygewoon, ten spyte van die druk wat hulle ten opsigte van die inhandiging van die deelnamepunte beleef het.

Hy het insigte gebied oor plagiaat, en hoe dit by voor- en nagraadse studies en in akademiese skryfstukke vermy kan word. Hy het raad en insig gebied oor verskillende metodes wat in die verband gevolg kan word. Verder, het hy breedvoerig verduidelik wat die visie en doel van die NWU Skryflab is en die dienste wat hulle bied om akademiese en studente te ondersteun om hul skryfstyl te optimaliseer en plagiaat te vermy. Hy het uitgebrei oor parafrasering, bronverwysings as metode van intertekstualiteit, taalversorging en tegniese aspekte, fabrisering, vervalsing en plagiaat.

Daar is in meer detail na Turn-it-in gekyk as 'n metode om plagiaat te voorkom of te identifiseer. Turn-it-in is 'n nutsprogram om plagiaat in teks deurlopend uit te lig. Dit verskaf ondersteuning aan akademiese om plagiaat te vermy en uit te wys. Daar is skryflabs op Potchefstroom, Vaal en Mafikeng kampus wat 'n verskeidenheid dienste verskaf. Nagraadse studente se studieleiers is welkom om skryfondersteuning te versoek by die skryflab. Die skryflab kan dan die student ondersteun om te verseker dat plagiaat vermy word deur hul toe te rus met kennis en vaardighede om op so 'n wyse te skryf dat teks korrek geparafraseer word en dat daar nie gefabriseer, vervals of geplagieer word nie.

On May 22, Mr Zander Janse van Rensburg performed at SDL's discourse on plagiarism. Zander is the coordinator of the NWU Writing lab and involved with many of the plagiarism matters and cases of the NWU. This interactive session was attended by a large amount of SDL researchers and students, in spite of the pressure they experienced this week due to the submission of participation marks.

He provided insights on Plagiarism, and how it can be prevented in pre and post-graduate studies, as well as in academic writing. He provided advice and insight on various methods followed in this regard. Furthermore, he broadly explained what the vision and purpose of the NWU Writing Lab is and the services they offer to assist academics and students in optimising their writing style and avoiding plagiarism. He elaborated on paraphrasing, source references as a method of intertextuality, language editing and technical aspects, fabrication, falsification and plagiarism.

Turn-it-in was looked at in more detail as a method of preventing or identifying plagiarism. Turn-it-in is a tool to continuously highlight plagiarism in text. It provides support to academics to avoid and highlight plagiarism. There are writing labs on Potchefstroom, Vaal and Mafikeng campus that provide a variety of services. Postgraduate students' supervisors are welcome to request writing support from their campus' writing lab. The writing lab can support the student to ensure that plagiarism is avoided by means of Turn-it-in, but also by equipping them with knowledge and skills to write in such a way that text is properly paraphrased and that there is no fabrication, falsification or plagiarism present.





